COMMUNITY NEWSPAPER

PRICE R15.00

# GansBerg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

3 October 2025

271th Edition



DEFENDoor®

Protecting what you love

Are you serious about your family's security?

SECURITY SOLUTIONS YOU CAN TRUST

We service the entire Overberg region



Retractable Security Doors - Clear View Bars / Fencing - Aluminium & Steel - Roller Shutter Doors / Burglar Bars - Aluminium Louvre Shutters

Contact Henry: 084 551 3695 / overberg@defendoor.co.za / www.defendoor.co.za

# Is Heritage Day still Heritage Day?

Referring to conversations around braai fires, in the media and on social media, one can rightly ask: *"Is Heritage Day still Heritage Day for South Africans?"* It's an open question, but in Gansbaai the answer is still yes - and the excellent events on Wednesday, 24 September 2025, proved it.

This year's theme for South Africa's Heritage Month is *"Reimagine Our Heritage Institutions for a New Era."* The theme emphasizes the transformation of heritage institutions such as museums and archives to become more inclusive, technologically innovative, and community-focused, using heritage as a foundation for a dynamic and economically inclusive future. South Africans are encouraged to celebrate their culture and the diversity of their beliefs and traditions, within the broader context of a nation that belongs to all its people.

The celebrations at the successful inaugural and well-organized event at the AFM Worship Centre were indeed a great festivity, highlighting important aspects of Heritage Day. It was organized by the local Gansbaai Community Police Forum (CPF), in collaboration with the Social Crime Prevention Forum (SCPF) and Gansbaai SAPS. There was also the planting of a Milkwood tree by the De Kelders Perlemoenbaai Ratepayers Association, as well as a Heritage Soccer Tournament for the youth. (See reports on page 2 of this issue.)

***Continue on page 2***



***Floors Avenant, Deon Naudé and Cassie Carstens.***





Coastal HIRE

GANSBAAI

076 924 9915

gansbaai@coastalhire.co.za

7A Industry Circle, Gansbaai, 7220.

Serving all your equipment hire needs



# MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



Michelle van Zyl: 078 010 8286
Owner / Advertising
michelle@gansberg.co.za




Melissa Van Rooyen
Graphic Designer
design@gansberg.co.za
Editorial Content
info@gansberg.co.za



Hardus Botha: 082 786 0494
Journalist
info2@gansberg.co.za



Tracy Hulme: 076 672 6283
Admin Assistant
tracy@gansberg.co.za



Freda Potgieter: 063 668 4577
Advert Representative
freda@gansberg.co.za



Janine Williams: 072 931 1431
Advert Representative
janine@gansberg.co.za


*"Our Cultural Heritage in Style"* was the theme of the AFM celebrations. A full program with much fellowship marked the day. The braai fires were lit early, with CPF chairperson Cassie Carstens braving the heat at the coals. Gansbaai Academia's Marimba Band, led by Egon Gibson and Particia Zhalie, entertained the festival-goers in their distinctive way. Various community leaders were given the opportunity to speak, after which the Inspirational Male Choir under the direction of Ryan Murtz also performed. A highlight was Johan le Loux's slideshow *"Gansbaai - Then and Now."* He entertained the audience with music and local knowledge. Johan's information about Gansbaai since 1963 left many speechless. *"*On top of it all, 80-year-old Flippie May shared her role in establishing a netball team, and John Jacobs shared some news about local rugby, the Black Leaves,*"* said Sammy.

The real highlight of the day, however, was the warm and spontaneous fellowship - the singing items, chatting at the stalls, and much more - too much to mention here. But everyone who attended went home with the feeling that in Gansbaai, Heritage Day is still very much Heritage Day.

**Hardus Botha**



***The Inspirational Male Choir.***



***Tannie Flippie May (80).***



# Heritage Day - Arbor Month

The De Kelders Perlemoenbaai Ratepayers Association organized a tree-planting day in the De Kelders park, Guthrie Street, for Heritage Day. A Milkwood tree was planted by Alder Lady Riana de Coning, the guest of honour.

Johan shared more information with those present about the Milkwood tree, including the meaning of its name *Sideroxylon inerme* (derived from Greek), its conservation status, and the fact that three Milkwood trees in South Africa have been declared National Monuments. He also highlighted the cultural heritage value of the species in the context of De Kelders. Riana informed the group about the Overstrand Municipality's ordinances governing the management of Milkwood trees.

"Afterwards, we went into the field with a few black bags to pick up the litter lying around," Johan said. "We walked a full 6.2 km, with Riana leading the way, while I shared information about our Fynbos."

**Hardus Botha**



***Johan Neser stands next to Alder Lady Riana de Coning while she plants the Milkwood tree.***

# Grootbos' Soccer Heritage Day



***Denver August, Nikolas Lürz (Germany), Mziyanda Matiwane and Corrie Avenant.***

Corrie Avenant, former Griquas rugby fly-half and now Sports Developer at the Grootbos Foundation, together with Denver August, formed part of the team led by Manager Mziyanda Matiwane, organised a lively Grootbos Soccer Heritage Day for the youth. The age groups ranged between 11 and 17. Joining them was well-known Grootbos Foundation volunteer, Nikolas Lürz from Germany, who has once again returned to Grootbos to do volunteer work.

**Hardus Botha**


**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*










# Gansbaai se eie '*Master Practitioner in Real Estate*'

Megan Crafford van Gansbaai het op die jeugdige ouderdom van 21 jaar reeds merkwaardige prestasies in die eiendomsbedryf behaal - en sy is nou een van die jongste '*Master Practitioners in Real Estate* (MPRE)'! Megan het al talle eiendomme suksesvol verkoop en kan sonder twyfel trots wees op 'n lang lys tevrede kopers en verkopers.



Sy het onlangs haar PDE 5-eksamen geslaag, wat aan haar die gesogte MPRE-titel besorg het - 'n titel wat nie vir almal in die eiendomsbedryf beskore is nie. Megan sal in alle waarskynlikheid binnekort die leisels van die bekende familiebesigheid, *Gansbaai Properties*, oorneem. Haar sukses spruit uit haar eerlike en deursigtige benadering tot besigheid - iets wat broodnodig is in vandag se tyd!

Die familieonderneming is in 1981 in Table View deur haar oupa, James Roux, gestig. Megan se ouma, Margie Roux, was ook 'n gerespekteerde en suksesvolle eiendomsagent in Gansbaai. "As kind het ek dikwels saam met my ouma skouhuise bygewoon, en dit is waarskynlik waar my passie vir die eiendomsmark ontstaan het," vertel Megan.

By *Gansbaai Properties* is almal sommer baie trots op Megan. Haar kollegas beskryf haar as 'n vriendelike en regverdige mens wat altyd staan vir wat reg is. Megan is beslis gereed om voornemende kopers en verkopers by te staan. Kontak haar gerus by 082 094 3905.

**Hardus Botha**















# Afskeid van fenominale Ina Franken


*Ina Franken.*

“'n Aanvallige, netjiese, regverdige en nederige vrou met integriteit, wat daarvoor sorg dat al die ander goeie eienskappe op natuurlike wyse volg.” Só het Francia van Dyk haar huldeblyk tydens die twee gedenkdienste ná die afsterwe van Ina (uitgespreek as 'Ai-ná') Franken, 'n jarelange bekende persoonlikheid in Gansbaai en HaS, uitgespreek. Ina is op 6 September 2025 op die ouderdom van 84 jaar oorlede.

Twee gedenkdienste is deur haar seun, Riaan Franken van Blue Goose, gereël. Onderskeidelik op Vrydag en Saterdag (19 en 20 September 2025) by Herberg aan See (HaS) en Blue Goose. In altwee gevalle is verversings en blomme deur Riaan verskaf. Hy was ook so vriendelik as om die blomme vir die Sondag se erediens in die NG-gemeente te “leen”, waarna dit weer aan HaS terugbesorg is. “My ma sou 'gesmile' het en dieselfde gedoen het,” het Riaan gesê.
Ina Franken (née Möller) is op 25 Februarie 1941 in Caledon gebore. Ná 'n tyd in Hermanus het die gesin na Gansbaai verhuis. Vanaf 1950, toe Ina nege jaar oud was, het die familiehuis - vandag bekend as Blue Goose - haar tuiste geword. Ná haar pa se afsterwe het sy teruggekeer na Gansbaai, waar sy as boekhouer by die destydse W. Swart & Seuns gewerk het.

In 1964 is sy met Awie Franken getroud en hulle het na Bonnievale verhuis, waar sy boervrou op die plaas Houmoed geword het - dit is ook waar Riaan en Möller gebore is. Nadat die Franken-plase verkoop is, het die gesin eers na Bredasdorp en twee jaar later na Stellenbosch verhuis. Ná hulle aftrede in 1995 het hulle teruggekeer na Gansbaai - “met die sirkel wat só voltooi is,” het Riaan in sy huldeblyk gesê, nadat hy oor die gesin se lewens-ervaringe gepraat het. “My ma was op haar gelukkigste in Gansbaai, wat sy in haar hart gedra het en wat die enigste plek was waar sy wou wees.”

In Gansbaai sal Ina altyd onthou word vir haar aktiewe betrokkenheid by die NG-gemeente Gansbaai, as jarelange diaken en ouderling en vir baie jare se diens by Goue Hande, totdat sy in 2014 op 73-jarige ouderdom uitgetree het en na HaS verhuis het - aanvanklik in 'n woonstel, daarna na 'n kamer en uiteindelik na die Versorgingsafdeling, altesaam elf jaar. In die Versorgingsafdeling was Lucia Henn van HaS haar vertroueling. “Ina was baie lief vir haar TV-sepies en niemand moes haar daar 'lastig val' nie,” het Lucia vertel. “Ek het haar inkopies gedoen en moes altyd peppermente en lekkers saambring, al was sy 'n diabeet - ek het suikervrye lekkers gekoop, maar die peppermente móés die oorspronklikes wees!”

In haar huldeblyk het Marmara de Klerk, organiseerder van altwee gedenkdienste, Ina se lewe as een van liefde en toewyding beskryf - sy het haarself aan haar gesin, haar kerk en haar gemeenskap gewy. “Ons onthou haar nie net vir wát sy gedoen het nie, maar vir wíe sy was - 'n ma, ouma, vriendin en kind van God,” het Marmara gesê.
Sowat 14 jaar gelede het Francia van Dyk, destydse voorsitter van die Goue Hande, 'n spesiale 70ste verjaarsdagfunksie vir Ina gereël. Francia het op unieke wyse 'n pragtige opsomming van Ina se lewe geskryf, wat ook tydens die twee gedenkdienste voorgelees is. Sy het die eerste alfabetletters van “Ina Franken” (verkort) gebruik, waarmee hierdie berig afgesluit word:
**Ina**: **I** - Integriteit; **N** - Nederig; **A** - Aanvallig. **Franken**: **F** - Familie; **R** - Regverdig / Reguit; **A** - Assistent & Allemansvriend; **N** - Netjies; **K** - Kollektant; **E** - Ewigheid; **N** - Naasteliefde. Ina Franken sal as mens baie gemis word.

**Hardus Botha**


*Riaan Franken (regs), saam met Chrizelle en AJ Franken.*











# Gansies by Kingsway Ope Skaaktoernooi

Ses van Laerskool Gansbaai (LSG) se leerders het op Saterdag, 20 September 2025 aan die Kingsway Ope Skaaktoernooi deelgeneem en goed presteer.



*Die 6 LSG skaakspelers wat aan die Kingsway Ope Skaaktoernooi deelgeneem het.*

Die groepie se pragtige uitslae was soos volg:
**Beginnersgroep** - Albert de Villiers (Gr R) behaal 'n 12de plek nadat hy 3 van sy 6 wedstryde wen én teen ouer spelers moes deelneem.
**o/8** - Rossouw Coetzer behaal 'n 3de plek deur 4 van sy 6 wedstryde te wen; CJ Fourie behaal 'n 5de plek deur 3 van sy 6 wedstryde te wen; Leroux Coetzer behaal 'n 8ste plek deur 2.5 van sy 6 wedstryde te wen.
**o/10** - Isabelle de Villiers behaal 'n 5de plek deur 4 van haar 6 wedstryde te wen. Sy het ook teen seuns gespeel.
**o/12** - Hanro Coetzer behaal 'n pragtige 1ste plek deur al 6 sy wedstryde te wen.

"Knapgedaan, Gansies! Ons is trots op elkeen van julle," lui LSG se mediaverslag.

**Hardus Botha**





Contact us to Advertise:
Janine:072 931 1431 Freda:063 668 4577
janine@gansberg.co.za freda@gansberg.co.za


## OVERSTRAND MUNICIPALITY

**Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancies:**

### ACCOUNTANT: CREDITORS

**Directorate:** Finance
**Department:** Expenditure
**Reference number:** WC0324824
**Basic Salary:** R420 684 p.a
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • A relevant 3-year tertiary qualification (NQF 6), preferably a National Diploma or B Com with financial accounting as a major subject • Advanced computer literacy in MS Office (MS Word, MS Excel) • A valid Code B driver's licence • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape • Two–five (2–5) years' relevant supervisory and creditor's experience.

**For any enquiries in this regard, please contact Mr. J. Vorster on 028 313 8046.**

**Municipal Notice number 186/2025**

### SENIOR ARTISAN: ELECTRICIAN

**Directorate:** Infrastructure Services
**Department:** Electrical Services
**Reference number:** WC0323048
**Basic Salary:** - R356 340 p.a.
- Scarce Skill Allowance: 15%
- Cell Phone Allowance
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • Trade Certificate (Qualified Electrician) • A valid Code C1 driver's licence with public driver's permit and without any restrictions • Communication skills (i.e. speak, read and write) in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape • Computer literacy: MS Office • Technical knowledge of interpreting technical design, drawings and specifications • Switching licence up to 66 000 volts • Minimum N2 Electro Technical or NQF level 5 • Three–five (3–5) years' post-apprenticeship experience required • Experience of low and medium voltage distribution networks.

**For further information please contact Mr. George Lotter on 028 316 5600.**

**Municipal Notice number 188/2025**

**To view detailed advertisements with all relevant information for the above vacancies please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**Closing date: 15 October 2025**

Dr D. O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

**2025 SPRINGBOK FIXTURES**
**Live Screening Events**

Saturday
4 October
SA vs Argentina

Saturday
8 November
SA vs France

Saturday
15 November
SA vs Italy

Saturday
22 November
SA vs Ireland

Saturday
29 November
SA vs Wales

# 'Not on my watch'

## 'If you help enough people, you can have anything in life' - Zig Ziglar

Melinda Moolman, author of the book *Not on my Watch*, is the daughter of André and Nellie Moolman from Gansbaai. André, a born-and-bred Gansbaai local, grew up here. The couple is retired, with André having served as the Gansbaai SAPS Station Commander for 10 years from 1988. “We are not only extremely proud of our daughter, Melinda, for the book she has written, but especially for what she has achieved abroad,” André told the Gans-Berg News. “I simply had to let you know about her book.”



Melinda was born on 13 April 1973 (just after midnight!) and grew up in Greyton, where her father, André, was the local Police Station Commander. “When I was ten, we moved to Gansbaai, where my father grew up,” Melinda said. She started with nursing values and went on to build a company that changed lives around the world. She is married to Werner du Preez, and the couple has a son, Ben (20). After her experiences abroad, they recently returned to South Africa, where they own property in Stellenbosch and plan to settle.

*Not on my Watch* (31 chapters) is the true story of Melinda Moolman - a South African nurse who turned compassion into strategy and built one of the UK's most trusted international healthcare recruitment companies. This is her story:
“When I landed in the UK, I thought the hard part was behind me. I had made it, I was there, I was ready - but nothing was as I had expected,” Melinda said after her flight to the UK. But…with no investors, no business degree, and no corporate playbook, she applied the principles she'd learned on the hospital floor - calm in crisis, relentless advocacy, structured care - to a system that too often failed the very people it relied on…and so her true story in the UK and beyond began. Melinda's company became known not just for filling vacancies - but for protecting people. Her team went on to recruit healthcare professionals from over 90 countries and placed them in hospitals across the UK, Ireland, and beyond - becoming the preferred partner to leading international hospitals and care groups, and proving that care can scale without compromise.

But this is not just a business story. This book was written to honour that journey - and everyone who walked it with her. It is a reminder that integrity, empathy, and care still matter, even at scale. It's about integrity. About choosing people over profit. About building something that lasts - without losing yourself in the process. Told with grit, heart, and humour, *Not on my Watch* is a call to action for anyone who believes there's a better way to lead - and a tribute to every healthcare professional who dared to dream beyond borders. Melinda is always on a mission and you'll find her somewhere between the UK and South Africa, helping those who are brave enough to change their lives. In the last chapter, Melinda concluded:
“I didn't write this book to tell you how to build a business. I wrote it to remember. To honour what we built and, more importantly, how we built it.”

**Hardus Botha**









# Woordraaisel met liedjies & sangers


*Dis wat mens konsentrasie noem!*

**-Bietoubossers-**

"Dit was 'n vrolike oggend vir ons Bietoubos-dames met lekker saamsing-liedjies wat aan woordraaisels gekoppel is, verversings wat geniet is en sommer net weer 'n gesellige saamkuier," vertel Marie de Jager van die Bietoubos Dameskklub. Marie het, in die afwesigheid van Elizma de Lange, as voorsitter waargeneem. Annatjie Naudé en Rita (Bokkie) Conradie was, saam met hulle span, vir die byeenkoms verantwoordelik.


*Annatjie Naude verskaf leiding.*

Interessante woordblokraaisels is uitgedeel. Ses liedjies is onderskeidelik gespeel. Daarna moes die dames raai watter liedjie gespeel is en op die woordraaisel na die kunstenaar soek en sy/haar naam omkring. Annatjie het tussen die tafels rondbeweeg om te help waar nodig. Marie sê die speletjie het tot groot pret en lekker lag


*"Eers iets eet, dan aangaan!"*




aanleiding gegee - daar moes vinnig geluister word en na die korrekte name op die woordraaisel gesoek word. Die dames het, tussen die gelaggery deur, behoorlik gefokus om by die antwoorde uit te kom.

Daarna kon almal weer saamkuier en verversings geniet, soos net die Bietoubossers dit kan voorberei. "Ons het almal met 'n lied in die hart huiswaarts gekeer," vertel Marie.

**Hardus Botha**

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

**Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancy:**

## PRINCIPAL CLERK: TOWN PLANNING

**Directorate:** Planning and Development
**Department:** Town Planning
**Reference number:** WC0320156 & WC0320584
**Basic Salary:** R211 620 p.a.
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Hermanus

**Requirements:** • Grade 12 • Computer Literacy • two–five (2–5) years' relevant experience • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape.

**Special Conditions:** • The incumbent is required to perform complex administrative functions which require specialised knowledge of such processes and procedures within the functional area of land use management • Ability to use specific vocabulary and grammatical structures and communicate clearly and concisely when dealing with the public, elected officials, and colleagues • Must be able to function independently, be responsible, take initiative, and be adaptable to change.

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: https://jobs.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mr. R. Kuchar on 028 313 8900.**

**Closing date: 15 October 2025**

Dr D. O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 194/2025



**Die Seagulls Netbalspan het 'n pragtige geskenkpak (hamber) van Gansbaai Superspar ontvang om uit te loot om hulle fondse te versterk. "Ons sê baie dankie aan Gansbaai Superspar vir hierdie mooi gebaar om ons te ondersteun," het Sylvia Jacobs, voorsitter van die klub, gesê. En die gelukkige wenner? Niemand anders nie as die glimlaggende Claudine Salies.
Hardus Botha**

# Gansbaai se 'Groot Skoonmaak' -'Gansbaai Big Cleanup'-


Norman Heynie (Stortingsterreinbestuurder) en Craig Mitchelle (Bestuurder van Vaste Afval en Beplanning, Overstrand)

Gansbaai-omgewing was op Saterdag, 20 September 2025, behoorlik in rep en roer - oral waar 'n mens gery het, was daar vrywilligers met vullissakke. Die bestuur van die Franskraalstrand Belastingbetalers- en Inwonersvereniging het die spesiale dag geïnisieer en in samewerking met Franskraal Buurtwag en Gansbaai Toerisme, die enorme *Gansbaai Big Cleanup* gereël en aangebied. Verskeie ander rolspelers, soos die onderskeie buurtwagte, belastingbetalersverenigings, White Shark Projects, inwoners en ander het ook volstoom saamgewerk. “Baie dankie aan alle betrokkenes wat tot die sukses van hierdie spesiale dag bygedra het,” het Dries van Heerden van die Franskraalstrand Belastingbetalers- en Inwonersvereniging gesê.

Die Franskraal-groep het 400kg netto afval by die Gansbaai Herwinningsaanleg ingeweeg - pragtig! Franskraal Buurtwag spog daarmee dat sowat 30 *vullis-optellers* (nie sakskrapers nie!) gehad het, en sodoende Franskraal van 47 sakke rommel verlos het. Die Uilkraal Buurtwag spog ook met 20 swartsakke vol vullis wat hulle opgetel het. Sonder twyfel is daar nog baie meer suksesverhale van 'vullis-optellers' wat die Gans-Berg Nuus met die ter perse gaan van hierdie berig ongelukkig nog nie bereik het nie - baie geluk en baie dankie aan almal wat deelgeneem het.

Tien verskillende groepe regoor Gansbaai het van 12:00 tot 13:00 aan die projek deelgeneem - vanaf De Kelders regdeur tot by Pearly Beach. Gansbaai Toerisme het ook vir twee begeleide toere by die herwinningsaanleg gereël, waar Norman Heynie (Stortingsterreinbestuurder) en Craig Mitchelle (Bestuurder van Vaste Afval en Beplanning, Overstrand) die groepe ingelig het oor die aanleg se werksaamhede, statistieke en suksesse van weggooi-goedere wat herwin word.

Archie Chambers, voorsitter van die Franskraalstrand Belastingbetalers- en Inwonersvereniging, het ook sy opregte waardering uitgespreek teenoor almal wat bygedra het tot 'n enorme sukses in 'n poging om Gansbaai-omgewing 'n skoner plek te maak.

**Hardus Botha**


Uilkraal Buurtwag.












Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
PRIVATE AMBULANCE
HERMANUS | GANSBAAI | CALEDON | OVERBERG

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Ons verken Botswana en Namibië -Deel 10-

In Deel 10 kom ons aan die einde van 'n interessante en baie volgepakte toer deur Botswana en Namibië vanaf 8 Mei tot 27 Junie 2025. Die toer is deur die egpare Fanie en Judy Bothma (toerleiers) van Franskraal, en Dolf en Elna Nel van Saldanha aangepak. Elna se kunstige dagboek, *BOT-NAM Avontuur*, met inligting en kleurvolle sketse, is deurgaans as 'n bron gebruik, terwyl Fanie uitstekende foto's geneem het. Vir die Nel-egpaar was hierdie nuutontdekte manier om deur Afrikalande te toer 'n "lewensverrykende" belewenis. Dankie aan Fanie en Judy vir hulle leersame toer wat eksklusief met die Gans-Berg Nuus se lesers gedeel is.


*Dolf en Elna saam met Fanie se broer, Kobus Bothma (links), met Ausenkehr se uitvoer-druiweplase in die agtergrond.*


*Kobus Bothma mag maar vleis braai.*

Ná die Visrivier Canyon en Ai-Ais se wedervaringe, rol die wiele na Ausenkehr, waar hulle vir twee dae by Kobus en Malene Bothma - Fanie se jonger broer en skoonsuster - op die uitvoerdruiweplaas gaan kuier. Kobus en Malene, wat al sowat tien jaar daar boer, laat almal sommer dadelik tuis voel. Ná 'n heerlike ete laat Kobus nie op hom wag nie - hulle klim in sy Fortuner om die plaas te besigtig. Kobus vertel van Dussen Vasilluwitz, wat 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van die druiweplase waar eens net woestyn was. Hulle hang aan sy lippe soos hy van die werksaamhede op die plase vertel. Kobus neem hulle ook na die wildeperde se waterdrinkplek naby die canyon, wat die Soetwaterdam heet. Later word hulle op Kobus se blouwildebeesfillets getrakteer - soos net hy dit kan gaarmaak.

Die volgende dag is dit tyd vir 'n piekniek in die canyon. 'n Kennisgewingbord verwelkom hulle: *Ausenkehr Nature Park*, waar hulle verstom staan oor die mooiste rotsformasies. Daarna ry hulle in die dorpie Ausenkehr verby huisies en hutte van riet, en sommiges van sink. Fanie verduidelik dat dit is waar massas mense gedurende die oestyd vanuit die noorde intrek om op die baie wingerdplase langs die Garieprivier (Oranjerivier) te werk. Die dag daarna ry hulle via die Noordoewer-grenspos in die rigting van Springbok, verby die bekende koppies met kokerbome. In Springbok draai die voertuie byna outomaties na Nando's. Hulle oornag vervolgens in gastehuise in Vanrhynsdorp, en die toer word behoorlik met 'n laaste ontbyt by die Red Ox Steakhouse afgesluit - waar Dolf oorgenoeg van hulle heerlike melkkos kon kry.

Op pad terug stop hulle by ou vriende, Johnnie en Ina van Korhaanshoogte naby Citrusdal, waar hulle boer, vir 'n lekker koppie boeretroos. Ina was destyds hulle Hoofmeisie, met Dolf as Hoofseun. Hierdie twee 'voorlopers' moes Fanie net vashou voordat hy weer met sy streke begin - of nog erger - voordat hy weer die pad Afrika-in vat! Deur Piekenierskloof kry hulle lekker reën en by Piketberg stop hulle om afskeid te neem. Elkeen kies nou koers na hul onderskeie tuistes waar afpak, uitpak en skoonmaak op die egpare wag - maar ook om onvergeetlike wedervaringe te koester.

**Hardus Botha**



*Ongelooflike rotsformasies.*


*Op pad terug, stop die epare by hulle destydse Hoofmeisie, met Dolf wat Hoofseun was - Fanie Bothma word styf houvas voordat hy weer met sy 'streke' kan begin!*

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Gansbaai Gholfklub



*Die Daan Victor Memorial Gholfdag - Voor: Aileen & JP Laubscher. Agter: Neil Harrison (borg) en Bev Swart (kaptein).*

**Daan Victor Memorial Gholfdag**


Die Daan Victor Memorial Gholfdag van Saterdag, 27 September is deur JP & Aileen Laubscher gewen. Tydens hierdie spesiale gholfdag is sewe (7) 'Spog Twee's' aangeteken, asook twee (2) 'Naaste aan die pen' - knapgedaan!

**Woensdag, 24 September:** Peet Pretorius wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 36 punte, gevolg deur Leon Lombaard 36, Marietjie de Villiers 36, Clive Bailey 35, Willem Germishuys 35, Rene Myburgh 35, Bertie Laubscher 34, Jacques Louw 33en JP Laubscher 33.
Naaste aan pen no 11: Stephen Brown (geel bof).
Spog Twee: Hugo Groenewald op no 2.
Leon Lombaard wen die Boerpotputjies op no's 9, 10 en 11.

**Vrydag, 26 September:**
Johan du Preez wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 18 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 17, Corrie Avenant 14, John Smith 14, Deon Momberg 12, Lionel Kemm 10, Leon le Grange 10, Pieter Smal 10 en Pieter Uys 7.

**Saterdag, 27 September:** Daan Victor Memorial Gholfdag, en JP & Aileen Laubscher wen die 2Bal Samespel Stableford (beste dryf) kompetisie met 57 punte, gevolg deur Jacques Louw & Gavin Flint 52, Stephen Brown & A Moolman 51, Berty Sassman & Cecil Galloway 50, Peet Pretorius & Philip Taylor 49, P Lotter & M Burger 48, Pieter Loubser & Willem Germishuys 47, Cobus Dippenaar & Hugo Groenewald 47, Pieter Smal & W Muller 47 en Solly Wessels & Leon Lombaard 46.
Naaste aan die pen: No 2 - Malcolm Bury (geel bof); No 17 - Pieter Smal (geel bof).
Spog Twee's: Cecil Galloway (2), Aileen Laubscher (11), Jacques Louw (11), Leon Lombaard (15), Malcolm Bury (11), Johan du Preez (17) en A Straus (2).
Die komitee en lede bedank graag vir Neil Harrison vir die borg van die pryse.

**Saterdag, 4 Oktober:**
Kompetisie is die OctoberFest Golf Day, en die formaat is 'n 4Ball Alliance Stableford - Preferred Drive, 2 scores to count.



*Peet Pretorius.*



*Johan du Preez.*



*Wyle Daan Victor.*

**Verjaarsdae:**
Barry Fourie (1ste), Gabriel Theron (2de), Nico Jones (5de) en Leon Minnie (8ste).

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**

FREDA: 063 668 4577 / FREDA@GANSBERG.CO.ZA
JANINE: 072 931 1431 / JANINE@GANSBERG.CO.ZA

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 03/10/2025 | Saturday 04/10/2025 | Sunday 05/10/2025 | Monday 06/10/2025 | Tuesday 07/10/2025 | Wednesday 08/10/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 20° | 18° | 16° | 16° | 17° | 17° |
| Fresh Breeze 9 m/s from east 0 mm precipitation. | Strong Breeze 12 m/s from west 0.8 mm precipitation. | Strong Breeze 12 m/s from west 0.2 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from west 0.3 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from west 0.4 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 03 October | 1247 | 0109 | 0631 | 1903 |
| 04 October | 1324 | 0147 | 0711 | 1940 |
| 05 October | 1400 | 0200 | 0748 | 2016 |
| 06 October | 0224 | 1436 | 0824 | 2052 |
| 07 October | 0300 | 1513 | 0901 | 2128 |
| 08 October | 0338 | 1552 | 0938 | 2206 |
| 09 October | 0417 | 1631 | 1016 | 2246 |
| 10 October | 0458 | 1713 | 1057 | 2328 |
| 11 October | 0543 | 1800 | 1143 | 0017 |
| 12 October | 0636 | 1858 | 1241 | 0122 |
| 13 October | 0748 | 2025 | 1415 | 0200 |
| 14 October | 0937 | 2231 | 0308 | 1628 |
| 15 October | 1121 | 0001 | 0458 | 1756 |
| 16 October | 1223 | 0053 | 0608 | 1850 |

# CLASSIFIEDS

## CONTACT US TO ADVERTISE:

Freda:063 668 4577
freda@gansberg.co.za

Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

**CNC Sweis & Staal**

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Maintenance Man**

Noem dit en ons doen dit!

Kontak Deon: 076 838 2890

PLACE YOUR ADVERT HERE

**BOSMAN VERWERS**

Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman

082 570 0907 / 082 533 3580

GANSBAAI PROPERTIES

028 384 1197 082 378 9955

www.gansbaaiproperty.co.za

We hold the key to your property

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

Gans-Berg Nuus/News

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**

CONTACT AUBREY

076 651 6789

SPRINGBOKS

**2025 SPRINGBOK FIXTURES**

Live Screening Events

Saturday
4 October
SA vs Argentina

Saturday
8 November
SA vs France

Saturday
15 November
SA vs Italy

**PAVING**

Quality brick paving done by professionals



SERVICES INCLUDE:
* Courtyard paving
* Driveway paving
* Patios and pool decks paving
* Cladding
* Pool installations/renovations
* Marbeliting

STONE AGE PAVING

Contact Deon:
082 489 3988

stoneage.projects@gmail.com

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**

Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.

Ben-Louis Fourie: 083 330 8049

Fax: 086 266 1160

Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

HULP MET VUURWAPENLISENSIES

Riaan Booysen: 074 203 6658

riaanbooysen@webmail.co.za

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Te Koop**

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. 028 384 0480



UNITY SERVICE RECOVERY

ALCOHOLICS ANONYMOUS

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

THERE IS HELP...

060 597 5419
078 307 7783




# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Y | A | C | D | S | I | B | I | G | E | T | R | P |
| M | V | T | O | T | E | E | L | O | L | A | R | I |
| E | E | A | B | N | L | M | F | L | L | L | B | S |
| A | U | S | E | L | T | T | P | U | U | O | E | A |
| F | S | Q | G | H | T | E | G | T | T | F | G | A |
| D | I | U | A | T | D | N | N | T | Y | T | R | D |
| T | D | A | L | L | A | F | O | T | E | L | A | C |
| H | E | R | G | T | L | M | Y | E | S | N | L | M |
| N | S | E | C | A | R | D | B | O | A | R | D | T |
| T | M | E | P | S | D | N | E | M | R | L | H | E |
| D | R | S | L | H | A | E | B | D | O | G | P | P |
| D | E | S | O | L | C | P | E | G | I | O | B | O |
| E | S | M | A | L | L | O | S | L | T | A | E | S |

- BIG
- BOTTOM
- CARDBOARD
- CLOSED
- CONTENTS
- EMPTY
- ENDS
- FLAPS
- FULL
- HEAVY
- LARGE
- LIGHT
- OPEN
- RECTANGULAR
- SIDES
- SMALL
- SQUARE
- TOP

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | | | | | | |
| | 6 | | | | 3 | 5 | | 7 |
| 9 | | | | 8 | 6 | | | |
| | 2 | | | | | 7 | | |
| 1 | | 6 | | | 2 | | | |
| 3 | | | | | | | | |
| 5 | | 4 | 2 | | | | 6 | 1 |
| | | | 3 | | | | | 8 |
| 8 | | | 5 | | | | | |







## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | S | S | W | F | C | R | E | G | G | I | R | T | U | O |
| H | Y | A | C | H | T | T | K | R | Y | H | G | N | I | D |
| P | O | N | T | O | O | N | I | E | S | H | D | A | R | G |
| F | O | V | K | A | Y | A | K | C | T | Y | H | C | E | H |
| I | E | N | E | U | T | R | O | I | W | D | D | I | N | F |
| S | A | R | A | R | O | W | W | E | S | R | S | O | O | T |
| O | T | F | R | R | C | H | A | U | D | O | V | A | O | R |
| G | F | E | F | Y | A | R | B | S | O | F | E | G | H | A |
| T | F | E | A | L | R | M | A | C | R | O | R | R | C | W |
| R | I | E | E | M | A | F | A | F | Y | I | A | R | S | L |
| O | K | R | O | R | E | Y | F | T | T | L | E | W | Y | E |
| C | S | R | I | N | H | R | O | A | A | Y | C | R | H | R |
| L | Y | N | F | F | A | E | L | S | E | C | C | E | H | R |
| R | E | L | I | A | R | C | G | A | L | L | E | O | N | A |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 7 | 3 | 2 | 8 | 5 | 6 | 4 |
| 2 | 3 | 6 | 5 | 4 | 9 | 7 | 8 | 1 |
| 4 | 5 | 8 | 6 | 7 | 1 | 9 | 2 | 3 |
| 9 | 2 | 5 | 1 | 3 | 6 | 8 | 4 | 7 |
| 6 | 4 | 3 | 9 | 8 | 7 | 1 | 5 | 2 |
| 7 | 8 | 1 | 4 | 5 | 2 | 6 | 3 | 9 |
| 3 | 7 | 9 | 2 | 6 | 5 | 4 | 1 | 8 |
| 5 | 1 | 4 | 8 | 9 | 3 | 2 | 7 | 6 |
| 8 | 6 | 2 | 7 | 1 | 4 | 3 | 9 | 5 |

# Gansbaai Posduifklub & Overberg Posduif Unie

**Hopetown Wedvlugte OPE 5 en 6**

Die Overberg Posduif Unie het op 20 September 2025 vanaf Hopetown aan die wedvlugte deelgeneem. Die afstand van die wedvlug was 708km. Die wedvlugduiwe is om 07:32 losgelaat. By loslating was die weer mooi en sonder wind, maar die wind het later gedraai en vir 'n klipharde wedvlug gesorg.

**Plaaslike Klubuitslae:**
In die kategorie van Hopetown OPE 5, het Louis Groenewald 1 ste geëindig, gevolg deur Fourie Lofts in die 2de en 3de plekke. In die kategorie Hopetown OPE 6, het Snr Germishuys Hokke 1ste geëindig, met C&R Kruger 2de, gevolg deur Louis Groenewald in die 3de plek.

**Uitslae - Overberg Posduif Unie:**
In die Overberg Posduif Unie se uitslae Hopetown OPE 5, het George Daniels gewen, met Louis Groenewald in die 2de plek, gevolg deur Fourie Lofts in die 3de plek. In die Overberg Posduif Unie se uitslae Hopetown OPE 6, was Adam Little die wenner, gevolg deur George Daniels in die 2de plek en D Kroukamp in die 3de plek.

**Top 5 in die Unie:**
1ste - Snr Germishuys met 1 172 punte; 2de - Louis Groenwald met 1 123 punte; 3de - George Daniels met 1 063 punte; 4de - C &R Kruger met 987 punte; 5de - Fourie Lofts met 954 punte.

Die wedvlugseisoen staan einde se kant toe, met min verskil in punte tussen die Top 3 deelnemers - wie as die 2025 Overberg Posduif Unie se Kampioen gekroon gaan word, is nog 'n ope vraag. Sterkte aan al die lede. Die Overberg Posduif Unie bedank alle deelnemers vir hul toewyding en sien uit na die volgende wedvlug. Opvolgverslae en nuwe uitslae sal soos altyd, op versoek van lesers, gedeel word. As gevolg van weersomstandighede en wedvlugte wat later plaasvind, is die uitslae 'n week agter en sal bekend gemaak word soos wat uitslae beskikbaar is.


**Posduif-groete,**
**Willie Marais 071 183 2147**


*Louis Groenewald - Wenner: Hopetown OPE 5.*


*Snr Germishuys Hokke - Wenner: Hopetown OPE 6.*


*George Daniels - Wenner: Hopetown OPE 5 in die Overberg Posduif Unie.*


*Adam Little - Wenner: Hopetown OPE 6 in die Overberg Posduif Unie.*









Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here

# Franskraal Rolbalklub: Avbob-toernooi sorg vir aksie-rolbal


Wenners: Jaco Swart (Skip), Hannalie Kitshoff en Johan Wiese, met Johan Ackermann.


2de plek: Lorette Sieg, Tommie van Niekerk (Skip) en Lani Swart, met Johan Ackermann.

Franskraal Rolbalklub se spelers het behoorlik skoonskip van die Avbob-geborgde Rolbaltoernooi gemaak - hulle het al drie die eerste plekke verower. Altesaam 14 driespel-spanne van sewe klubs het op Saterdag, 27 September 2025, op 'n koel en windlose lentedag, aan die Avbob-geborgde Rolbaltoernooi op Franskraal se bane deelgeneem. Die besoekende klubs was L'Agulhas, Bredasdorp, Napier, Riviersonderend, Kleinmond en Old Oak (Bellville). Elke deelnemer het drie wedstryde van 12 skofte elk gespeel - met die Franskralers wat as die algehele wenners van die toernooi uit die stryd getree het.

Jaco Swart en sy span het die toernooi gewen. Sy spanmaats was Johan Wiese en Hannalie Kitshoff. Die enigste ander span wat al drie hul wedstryde gewen het, was dié van Tommie van Niekerk, wat tweede geëindig het. Tommie se spanmaats was Lorette Sieg en Lani Swart. Etienne Theron se span was derde, en sy spanmaats was De Wet Giliomee en Leon Brits.

Vir Jaco Swart, wat die toernooi saam met sy span gewen het, was dit 'n goue rolbalweek. Donderdag en Vrydag was hy ook 'n lid van die wenspan in die Hermanus Classic. Daar was Jaco se spanmaats David Roos, ook van Franskraal, en Stephan en Reinet Chambers. Laasgenoemde twee woon in De Kelders, maar is lede van die Hermanus se klub. Behalwe vir die prysgeld wat hulle ontvang het, moes hul versekeraar ook opdok vir 'n voltal van agt skote in een skof.

Die bekende 'Spinwiel', vir 'n nuttige prys om te wen, is deur René Swanepoel, 'n voormalige Protea Rolbalspeler, gewen. Johan Ackermann het haar prys aan haar oorhandig. Besighede word herinner aan die Lente-Rolbal-Besigheidsliga wat op Dinsdag, 7 Oktober 2025, begin en oor twee Dinsdae en twee Donderdae strek. Kokkie de Kok kan vir navrae by 083 457 2040 geskakel word.

**Hardus Botha**


3de plek: De Wet Giliomee, Etienne Theron (Skip) en Leon Brits, met Johan Ackermann.


Johan Ackermann oorhandig René Swanepoel, spinwiel-wenner, se prys.

Galvatech
Corrosion Protection Specialists
Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!
Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.
✓ Hot Dip Galvanisering ✓ Epoxy Powder Coating ✓ Shot/Sand Blasting
✓ Industriele Spuitverf ✓ Galvanisering SANS 121 Goedgekeur
Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!
Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za

GALVANIZING BAD GROOTTE
14m Lank x 3.2m Diep x 1.6m Breed
021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za